# DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

## *Nuusbrief*

GROEI en DIEN

**29 Julie 2022**

## VOORWOORD

Vir ‘n skool om suksesvol te wees, verg nie net een aspek waarin jy moet goed vaar nie. Dit verg van die betrokkenes om daagliks ‘n duisend klein dingetjies reg te doen. Navorsers noem dit die toevoeging van marginale winste. Daar is baie klein dingetjies wat verskil maak in die voorbereiding van iemand wat nét kwalifiseer vir die Olimpiese spele en iemand wat ‘n medalje verower. As skool herinner ons onsself daagliks daaraan dat die kleinste aspekte, soos om betyds te wees vir ‘n klas, een van die duisende klein dingetjies is wat sukses help bepaal. Jou deel kan óf kollektief bydra tot ‘n beter skool óf ‘n slegter een. Of dit nou is om in sport, kultuur of akademie na die vele klein dingetjies te kyk waaraan ons moet werk of om net beleefd te wees, is my pleidooi dat elke kind, ouer, onderwyser, administratiewe beampte of terreinwerker sal besef dat sy/haar waarde nooit onderskat moet word nie. Dankie vir elkeen se bydra.

Mnr Lezar

SKOOLHOOF

**INHOUD:**

VOORWOORD

RAPPORT VERSKONING

SOSIALE MEDIA

VERWELKOMING

GRAAD 7 AANLYNAANSOEKE

VAKKEUSES—GRAAD 9

RAPPORTE

SPORT & KULTUUR

GIMNASUIMTYE

ANDER

LIEF EN LEED

## RAPPORT KOERANT

# VERKEERDE BERIGGEWING

‘n Apologie aan Die Hoërskool Wonderboom het in Sondag 24 Julie 2022 se Rapport verskyn.



**Anneke Smit: Regstelling en apologie**

In die berig *Onnie vertel: 'Ek is soos 'n sleg hond daar weg'* (17 Julie) het *Rapport* verkeerdelik geskryf dat Anneke Smit 'n onderwyseres aan die Hoërskool Wonderboom was. Smit was in der waarheid aan die Hoërskool Montana verbonde toe sy weens 'n vals klag van rassisme afgedank is. *Rapport* vra verskoning vir dié fout.

Persraad

■ Lesers wat die feitelike akkuraatheid van berigte betwis kan met Albert Weideman, *Rapport* se interne ombud, in verbinding tree by die e-posadres ombud@rapport.co.za of telefonies by 011 713 9671.

*Rapport* onderskryf die Perskode, wat ons verbind tot akkurate en regverdige beriggewing. Indien ons nie vol-

## SKOOLGELDE

Daar is baie mense wat maar die knyp van die ekonomie en stygende pryse voel. Skoolgelde is egter nie iets wat enige ouer ooit uit hul begroting kan laat nie. Dieselfde salarisse wat verlede maand aan beheerliggaampersoneel betaal was, moet weereens hierdie maand betaal word. Dit is hierdie mense wat ons kinders onderrig en help om die skool te laat funksioneer. Ons vra dus mooi dat ouers hulle rekeninge op datum sal kry en nie die skool in ‘n posisie plaas waar besnoeiings lei tot oorvol klaskamers nie. Skoolgeld is wetlik verpligtend en indien ouers nie reëlings tref nie, word onnodige prokureurs-onkostes aangegaan, soos wat die invorderingsbeleid voorskryf. Tref dus vroegtydig die nodige reëlings deur die skool te kontak by finansies@wonnies.co.za.

## GRAAD 8– AANLYNAANSOEKE VIR 2023:

Graad 8-aanlynaansoeke het op 22 Julie 2022 geopen en sluit op 19 Augustus 2022. Besoek www.gdeadmissions.gov.za, stuur 'n Whatsapp boodskap na 060 891 0361 of skakel 0800 000 789 om u kind aanlyn in te skryf. Onthou dat alle dokumente binne 7 dae opgelaai of ingegee (by die skool) moet wees.


## VAKKEUSES – GRAAD 9:

'n Herinnering aan die Graad 9 Vakkeuse-Inligtingsaand. Dit is die ideale geleentheid vir ouers om meer duidelikheid te kry oor die vakkeuses. Dit vind plaas op 2 Augustus 2022 om 18:00 in die Wonderboomsaal.

## KALEIDOSKOOP:

Sterkte aan die 71 Wonnies wat vanaf die komende naweek tot en met 13 September 2022 deelneem aan die Afrikaanse Kunsvereniging en Pretoria Kunswedstryd, in die afdelings Vokaal, Instrumentaal, Beeldende Kuns, Kreatiewe Skryfwerk en Voordrag.





## RUGBY:

## NOORD-VAAL UITSPEELRONDTE

Wonnie-ouers en –leerlinge, kom ondersteun die Tiere nou Saterdag 30 Julie 2022 om 11:00 by Die Hoërskool Wonderboom. Hierdie manne speel in die Noord-Vaal uitspeelrondte teen Hoërskool Brandwag. Wonnie-leerlinge, wys jou trots deur saam te staan in jou skooldrag. Toegang is gratis.

## HOKKIE:

Ons o/16 Hokkie span is reeds by die Noord-Vaal uitspeelrondtes te Hoërskool Pietersburg. Hou die Wonnie-naam hoog!

| | |
|---|---|
| Donderdag | 28/07/22 ~ Wonnies vs Hoërskool Brits |
| Vrydag | 29/07/22 ~ Wonnies vs Curro Nelspruit |
| Saterdag | 30/07/22~ Wonnies vs Driehoek |

## ATLETIEK:

Huidige atlete en enige leerder wat belangstel om atletiek te doen, wat nie gedurende kwartaal 3 aan sagtebal, krieket of 7's rugby deelneem nie, kan in Augstus begin met die voorseisoen-oefening. Meer inligting rakende oefendae en oefentye sal volg. Rig navrae aan atletiek@wonnies.co.za.

#Wonnietrots

## KRIEKET:

Wonnie-krieket rig ‘n versoek aan die gemeenskap: Daar is heelwat seuns wat nie oor die nodige toerusting beskik nie. Hulle benodig beenskutte, kolfhandskoene, helmets, wit speelbroeke ens. Enige donasies sal hoog op die prys gestel word. Kontak gerus vir mnr. Jordaan by krieket@wonnies.co.za.


## FIETSRY:



Wonnies hou moed op Hazeldean. Hierdie gedugte span het almal hulle persoonlike tye, posisie en punte verbeter. Wonnies, hou aan trap tot die bittereinde.

## LANDLOOP:

Determinasie




Wonnie-landloop is aan die brand🔥:









## DANS:



Reané Kapp (gr20) was deel van die Speeltoneel kortfilmprojek saam met ABS Produksies. Sy is uit duisende deelnemers gekies vir haar rol in die kortfilm "Net nog een dans", deur Karlé Bredenhann. Dit was 'n vier maande kurses saam met akteurs soos Vije Maritz en Izak Davel. Hierdie kortfilm gaan ook nasionaal uitgesaai word. Welgedaan Reané.

## NOG DANS:



Diache Lategan is gekies om deel te neem aan die ASSA National Acrobatic Sport Championship 2022, waar sy haar provinsiale distrik gaan verteenwoordig.



Zandri Allen het reeds deelgeneem aan die ASSA National Acrobatic Sport Championships 2022 en het 'n uitmuntende telling gekry.

# DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

GROEI en DIEN

---

# DIE BEHOEFTIGE-FONDS GHOLFDAG

16 SEPTEMBER 2022 AKASIA GHOLFBAAN

---

CARL@WONNIES.CO.ZA | RUGBY@WONNIES.CO.ZA

# DIE BEHOEFTIGE-FONDS GHOLFDAG

GROEI en DIEN

## 16 SEPTEMBER 2022 AKASIA GHOLFBAAN

## BESONDERHEDE:

**VIER-BAL** — R 2000
SLUIT 18 GATE EN 'N ETE IN
(SONDER 'N GHOLFKARRETJIE)

**ENKELSPELER** — R 500
SLUIT 18 GATE EN 'N ETE IN
(SONDER 'N GHOLFKARRETJIE)

**PUTJIEBORG OPSIE 1** — R 4000
SLUIT 'N UITSTALLING BY 'N BOF,
GRATIS VIER-BAL EN 'N ETE IN.
(SONDER 'N GHOLFKARRETJIE)

**PUTJIEBORG OPSIE 2** — R 3000
SLUIT 'N UITSTALLING BY 'N BOF
EN 'N GRATIS ETE IN.
(SONDER 'N GHOLFKARRETJIE)

**HOOFBORG** — R 12 000
SLUIT IN NAAM, ADVERTEERREGTE, 'N VIER-BAL EN ADVERTENSIESPASIE BY DIE SKOOL IN
(SONDER 'N GHOLFKARRETJIE)

**GHOLFKARRETJIES**
MOET SELF BESPREEK WORD BY DIE GHOLFBAAN.

---

Die Hoërskool Wonderboom glo dat die woord "omgee", wanneer dit met opset gebruik word, innoverende en effektiewe oplossings bied vir die mees komplekse kwessies van ons tyd. Dit is 'n kragtige en unieke woord wat verdeeldheid kan oorbrug en 'n meer inklusiewe, vreedsame en welvarende samelewing kan bevorder. Dus het dit die Hoërskool Wonderboom geneem na die onstaan van die behoeftigefonds Gholfdag. Alle gelde en donasies wat hierdie dag ingesamel word, gaan uit en uit vir die behoeftige Wonnies in ons gemeenskap.

## CTU-KONTANT PRYSWENNER:

CTU training solutions | Private Tertiary Education



Baie geluk aan Nicole Liebenberg wat die gelukkige wenner is van 'n CTU kontantprys. Baie dankie ook aan CTU vir die oorhandiging van hierdie merk-waardige prys.

## OLIMPIADE:



Baie geluk aan die drie leerlinge wat presteer het in die Algemene kennis Olimpiade!

## MATRIEKAFSKEIDKAARTJIES:



Oud-Wonnies, Chandri Theron (Hoofdogter) en Jarred Cornelius (Onderhoofseun) van 2018, oor-handig die Matriekafskeidkaartjies aan die 2022 Matrieks!

# DATUMS VIR KWARTAAL 3:

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|
| 1<br>• Krieket: Liga 2e & o/14<br>• Redenaars<br>• **Oueraand: Moontlike Druipelinge (17:00)** | 2<br>• Krieket: Liga o/15<br>• Redenaars<br>• **Graad 9 Vakkeuse-oueraand (18:00)** | 3<br>• Wonderlig Groepprojek<br>• TSG: Klas-besoek<br>• Matriekraad-nominasies begin<br>• Redenaars<br>• **Landloop: Liga**<br>• Krieket: Liga o/15 & 16<br>• Mnr & Mej Wonnie: Oefen-ing (18:00) | 4<br>• Matriekraad-nominasies<br>• Redenaars<br>• Vergadering: Veiligheids-komitee<br>• **Krieket Liga o/16** | 5<br>• Matriekraad-nominasies<br>• Redenaars<br>• **Sagtebal: Liga** | 6<br>• Krieket Liga<br>• **Rugby: Virsekerbeker Kwart-Finaal** |
| 8<br>**Spesiale skool-vakansiedag**<br>• Krieket: Liga 2e & o/14 | 9<br>**Vrouedag**<br>• Mnr & Mej Wonnie: Porte-feulje Foto's<br>• Krieket: Liga o/15 | 10<br>• Wonderlig Groepprojek<br>• **Matriekraad-verkiesing**<br>• Redenaars<br>• Landloop: Liga<br>• **Interhuis: 7's** Sagtebal: Tel-linghouers eksamen<br>• Krieket: Liga o/15 & o/16<br>• Mnr & Mej Wonnie: Oefen-ing (18:00)<br>• **Drama: Teater-produksie** | 11<br>• **Matriekraad-aankondiging (13:30)**<br>• Redenaars<br>• Krieket: Liga o/16<br>• **Rugby: Inter-huis**<br>• Rugby: Seisoen afsluiting (18:00)<br>• **Drama: Teater-produksie** | 12<br>• Redenaars<br>• **Sagtebal: Liga** | 13<br>• Krieket: Liga<br>• **Rugby: Virsekerbeker Semi-Finaal**<br>• Radikale Re-denaars: Finaal |

## GIMNASIUMTYE: *25 Julie 2022 – 02 September 2022*



**Maandag**
06:00-07:00 Almal
14:00-15:00 Sagtebal
15:00-16:00 Netbal & Hokkie

**Dinsdag**
06:00-07:00 Almal
14:00-15:00 Atletiek, Fietsry & Swem
15:00-16:00 Krieket & Rugby

**Woensdag**
06:00-07:00 Almal
14:00-15:00 Sagtebal
15:00-16:00 Netbal & Hokkie

**Donderdag**
06:00-07:00 Almal
14:00-15:00 Atletiek, Fietsry & Swem
15:00-16:00 Krieket & Rugby

**Vrydag**
06:00-07:00 Almal

## LIEF EN LEED:

Innige simpatie en meelewing aan twee van ons Wonnies, Jade en Jose De Gouveia , met die afsterwe van hul vader.

Vriendelike groete



Mnr. M Lezar
Skoolhoof